# TYDIGE *wenke*

**SEPTEMBER 2025**
STEENVRUGPRODUKSIE

Daar is min dinge so opwindend soos om vrugteboorde in volblom te sien. Vir die produsent is dit terselfdertyd 'n tyd vol opwinding, maar ook kommer — kommer omdat ons nie weet wat die seisoen gaan bring nie. Maar laat ons positief wees en eerder fokus op dié dinge wat ons kan bestuur.

In hierdie uitgawe van Tydige Wenke is daar 'n spesiale afdeling oor die versorging van nuut-aangeplante steenvrugbome. Hierdie is een van die belangrikste produksie-insette, want as mens dit regkry dat 'n nuut- aangeplante steenvrugboom in sy eerste jaar goed groei en die gewenste hoogte in Jaar 1 bereik, is dit baie makliker om 'n hoë opbrengs vanaf Jaar 3 te verkry

## GROND

- Laat gronde toe om uit te droog - tot niks minder as 45% van planttoeganklike water nie, sodat grond kan warm word sonder om die plant te stres. Ons soek na 'n grondtemperatuur van tussen 13 en 27$^{o}$C.
- Moenie 'n deklaag te vroeg aanbring nie, want dit kan koue wintertoestande buffer wat dan wortelgroei en die opname van minerale beperk.
- Behandel nematodes tydens die fase van wortelgroei in die lente op grond van 'n analise wat deur 'n geakkrediteerde laboratorium uitgevoer is. Die meerderheid nematode- behandelings sal op organiese stowwe reageer

## BESPROEIING

- Op hierdie punt moet jy bepaal hoe jy die grondvog vir die seisoen gaan monitor. Hoe sal jy die grafiese inligting vanaf die sensor, jou waarnemings in die veld en jou "boere-intuïsie" integreer?
- Vul alle data en waarnemings, en jou instinktiewe reaksies daarop, in 'n tabel in. Soos die beheerde besproeiing oorneem, sal jy mettertyd nie meer net op gevoel hoef

staat te maak nie. Beheerde besproeiing sal jou nie slegs toelaat om meer doeltreffend te besproei nie, maar ook om daaglikse beheer van die besproeiing te oorhandig en net te sorg vir die weeklikse of twee-weeklikse besproeiing.

'n Vinnige oorsig van twee tipes grondvogmoniteringsapparate wat algemeen gebruik word:

1. **Veld Observasie / "Voeltoets" / Graaf**

   Hierdie metode is die mees algemene een, en ook minste waarskynlik om ooit te verdwyn. Dit is die mees direkte metode om grondvog te meet en word gereeld strategies gebruik om kapasitansie probes te kalibreer of besproeiingskleppe te vergelyk.

   Die metode is tydrowend, maar het die voordeel dat die grond gesien word.  Waar ander metodes 'n deurlopende aanmelding (logging) voordeel het, het veld observasie die voordeel van evaluasie oor 'n area.

   'n Voorgestelde Veld Observasie Indeks:

   Die 1 tot 5 handbeoordelingstelsel word algemeen gebruik as 'n kwalitatiewe meting van grondvog.

   1 - Stowwerig droog, kan nie worsie rol nie
   2 - Krummelrig droog, rol 'n los worsie
   3 – Ideaal, rol 'n worsie wat verkrummel wanneer dit liggies gedruk word
   4 - Degerig nat, rol 'n worsie wat nie verkrummel as dit gedruk word nie
   5 – Sopnat

   Let op dat de beskrywing effens mag varieer vir grond van 'n ander tekstuur.

   'n "1 of 5" is nie toelaatbaar nie, aangesien of water of suurstof onderskeidelik beperkend is. 'n Beheersde "2" word gebruik om:

   - Set te verbeter (vóór volblom sodat die grond tyd het om warm te word)
   - Groeikrag te verminder
   - Blom inisiasie te verbeter (40-60 dae ná volblom), maar wees versigtig dat daar nie 'n verlies van vruggroei is nie

’n Beheersde “4” kan gebruik word om:

- Groeikrag te verhoog
- Bemestingstowwe in te was
- Aan te vul voor warm dae
- Grond te loog (vir 4-5 kort periodes)

Hou by ’n “3” tydens kritieke stadiums soos volblom en vinnige vruggroei.

2. **Kapasitansie Probes**

   Kapasitansie probes meet grondvog in 10cm intervalle tot 80cm diep. Dit is die beste metode om grondvog oor tyd en verskillende dieptes te meet. Dit lewer goeie data om vas te stel wanneer en vir hoe lank om te besproei, voor die wortelsone verbygegaan word. Die nadele van probes is dat dit geen aanduiding van ruimte variasie gee nie, aangesien die gemete volume van grond baie klein is. Indien egter korrek geplaas word, sal die probes verteenwoordigende data oplewer, veral in uniforme/eenvormige gronde.

   Probes is duur, so doen goeie huiswerk om die beste hardeware vir u geld te bekom. Oorweeg dit om die probe as ‘n opgradering van u slimfoon te koop: i. Daar is ‘n handvol goeie hardeware vervaardigers (probe verskaffers), ii. Daar is ‘n handvol goeie diensverskaffers (skeduleringplatforms en konsultante), en iii. Maak seker u kan gekonnekteer bly wanneer dit saak maak (sodat data korrek is in die piekseisoen).

   Ons sien produsente wat suksesvol is met die gebruik van een of albei van hierdie metodes in gebruik. Dit is egter ideaal om beide te gebruik, en die sisteem aan te vul met satellietbeelde soos Fruitlook of soortgelyk. Daar is baie platforms beskikbaar, maar dis die beste is om die beelde wat u weekliks ontvang te gebruik vir besproeiing.

# VOEDING

- Die eerste bemestingstowwe sal met blomblaarval aangewend word. Hierdie sal hoofsaaklik bestaan uit stikstofprodukte omdat ons voldoende lootgroei benodig. Uitermatige gebruik van stikstof kan lei tot:

  - Swak set, omdat vegetatiewe groei voortplantingsgroei troef.

    - Swak interne kwaliteit van die vrugte as gevolg van ongebalanseerde translokasie van elemente in die plant, veral kalsium. Die sterk vegetatiewe sink sal meer voedingstowwe as die swakker sink trek, wat moontlik vruggies kan wees.
    - Vermorsing van bemestingstowwe deur uitloging as dit gepaard gaan met te veel besproeiing of reën.
- Kalium (K) kan ook vroeg reeds aangewend word vir kultivars wat 'n hoër vraag het, byvoorbeeld perskes of baie vroëe variëteite. Die vinnige vruggroeifase (na-pitverharding) bly egter die tydperk met die hoogste K-vraag.
- Fosfaat (P) kan in hierdie stadium toegedien word omdat dit minder onderhewig is aan uitloging en dus dwarsdeur die seisoen beskikbaar is.
- Kalsium (Ca) opname vind hoofsaaklik tydens wortelgroei in die lente plaas. 'n Chemies- gebalanseerde wortelsone is dus van groot belang om maksimale opname te verseker. Dus, slegs 'n matige toediening van Magnesium (Mg), P en K.
- Blaarbespuitings van sink (Zn), Boor (B) en Mangaan (Mn) sal nou op grond van 'n blaaranalise benodig word.

## UITDUNNING

Om vrugte van die regte grootte en van goeie kwaliteit vir die mark te verkry, is vruguitdunning baie belangrik. Let op die volgende m.b.t. uitdunning.

- Tot op hede is daar geen werklik suksesvolle uitdunstrategieë vir steenvrugte nie en daar is nie een wat op hierdie stadium aanbeveel kan word nie.
- Hoe vroeër mens met die hand uitdun, hoe beter die resultate. Selverdeling vind in steenvrugte plaas in die tydperk vanaf volblom tot +/- 40 dae ná volblom, wanneer pitverharding begin. Alle uitdun met die hand moet dus teen pitverharding voltooi wees.
- Hoe kleiner die vrugte, hoe duurder is dit om met die hand uit te dun maar hoe beter die resultate. Probeer pruime op ertjie- tot albastergrootte uit te dun en perskes wanneer hulle effe groter is.

- Dit is moontlik om bloeisels uit te dun, veral in perskes en nektariene wat vroeg ryp word, maar praat eers met tegniese mense in jou gebied oor die sukses van hierdie praktyk. In sommige variëteite is dit suksesvol, maar in ander nie. Wanneer bloeisels uitgedun word, stroop mens die derde van die loot na-aan die punt van alle bloeisels en vryf dan met jou vinger al die bloeisels van die bokant van die res van die loot af.
- Om die getal vrugte wat uitgedun moet word, te bepaal, begin jy deur die gewenste tonnemaat vir die boord te bepaal op grond van die geskiedenis van die boord se verrigting en vanaf ander tegniese inligting, soos die gewenste getal vrugte per sentimeter stam-omtrek.
- Byvoorbeeld, 'n Laetitia pruimboord het 'n geskiedenis van 30 ton per hektaar te produseer, met 'n toppunt van AA vruggrootte, maar daar word besluit dat hierdie boord die potensiaal het om 35 ton per hektaar te produseer. Die plantafstand in die boord is 3.5m x 1.5m (1 905 bome per hektaar). So, 35 ton verdeel deur 1 905 bome is gelyk aan 18 kg pruime per boom; teen 'n gemiddelde gewig van 90g per vrug is dit gelyk aan 200 vrugte per boom, so uitdunning moet plaasvind tot by 220 tot 230 vrugte per boom.

  Daar moet gereeld getel word om seker te maak die 'resep' vir die uitdunning korrek is. Mens sou normaalweg uitdun tot een per tros en indien nodig die vrugte effe op die loot spasieer om die gewenste aantal te kry. Onthou – 'n groot vrug bly 'n groot vrug. Dit is dus nodig om te poog om die grootste vrugte te behou en die klein vruggies en vrugte met merke aan te verwyder.

- Vir perskes kan dieselfde som as hierbo gedoen word. Om die gemiddelde getal vrugte per draer eenheid (een-jaar-oue lote) te bepaal: sê maar een vrug per 20cm lootlengte, dus as 'n loot 60cm lank is, kan dit drie vrugte dra. Kies dan die grootste vrug op daardie loot. 'n Groot vrug bly 'n groot vrug.
- Dit gebeur gereeld met steenvrugte dat 'n tweede uitdun volgens die uitskot vruggrootte net ná pitverharding voordelig is, wanneer ongeveer 10% van die vrugte verwyder moet word wat duidelik klein is of gemerk is.
- Onthou dat as 'n boom oormatig dra, sal dit nie net klein vrugte produseer nie, maar daar sal ook 'n gebrek aan vegetatiewe groei wees.

# PLAAG- EN SIEKTEBEHEER

- Die lys van aktiewe bestanddele, waarvan die gebruik deur die EU ingekort word, word deur die bemarkingsinstansies gepromoveer om toegang tot so 'n wyd moontlike bemarkingsplatform moontlik te maak. Dit maak gevolglik die nakoming van die verskillende beperkingsvereistes van verskillende handelsmarkte moontlik. Die hangende Mancozeb CMR-wysiging sal die mrl soos volg beïnvloed: perskes en nektariens val na 0.1 ppm, appelkose na 0.5 en pruime na 0.9 ppm van die huidige 2.0 ppm. In alle waarskynlikheid sal dit eers na die steenvrugseisoen effektief word, indien dit in November geïmplementeer word. Vir kalanders, gebruik stambande, wat in enige geval meer effektief is as chemiese toedienings. Vir VKM, maak eerder gebruik van paringsontwrigting beheer strategieë, virusse en sanitasie om moontlike chemiese residue op die vrugte te verminder.
- Die kultivars van alle steenvrugte wat later blom beweeg moontlik deur die fenologiese stadiums, soos in die Augustus-uitgawe van "Tydige Wenke" aangedui is. Kyk weer asseblief na hierdie dokument vir inligting oor die strategieë wat toegepas moet word m.b.t. peste en siektes, gegewe die spesifieke fenologiese stadiums van ontwikkeling.
- **Vals Kodlingmot (VKM) – Perskes en Nektariens**. Hang 1 lokval/2 ha om die VKM aktiwiteit te monitor vanaf vroeg September of vanaf blomblaarval en verder.
- **Vrugtevlieg – Alle Steenvrugte.** Hang 1 lokval/2 ha om vrugtevlieg te monitor. Hierdie lokvalle moet in alle bloke geïnstalleer word vanaf blomblaarval en verder aan om vrugtevliegaktiwiteit te monitor

  'n Volledige 14-dag lange (dus, een maal elke 14 dae) vrugtevlieg lokaas program moet gevolg word, vanaf begin September, in alle **groen areas** (huistuine, windlanings en boorde na blomblaarval) op plase.

- **Witroes – Perskes en Nektariens**. Vanaf 10% volblom tot 75% blomblaarval, dien 60ml/hl Nimrod of Nobel 250 EC @ 10-14 dag intervalle @ 'n maksimum van 3 spuite. Moet nie ná blom aanwend vir uitvoer nie. Plaaslike onthoudingstydperk is 14 dae.

- **Witroes – Alle Steenvrugte:** Wend benatbare swawel @ 300g/hl vanaf 90% kroonblaarval teen 10-14 dae intervalle aan, indien nodig, tot 35 dae voor die verwagte oes. Geen onthoudingsperiode is op benatbare swael van toepassing nie, maar let op sigbare spuitreste en moontlike skroei. Kyk na die etiket. Benatbare swael sal ook bruinroes beheer.

- **Verderflike dopluis — Perskes, Nektariens en Pruime:** Hierdie moet basies in die dormante winterperiode beheer word, wanneer predatore baie min beïnvloed word, en die areas op die blaarlose boom waar die dopluis geleë is, beter bereik kan word.

- **Laat Dopluis - Alle Steenvrugte.** Spuit Movento @ 40ml / hl vanaf 100% blomblaarval en verder aan met die eerste voorkoms van dopluis kruipers. Herhaal 4 weke later indien nodig. Onthoudingsperiode = 14 dae, plaaslik en uitvoer.

- **Blaaspootjie – Nektariens.** Soos vrugte rypheid nader, kan blaaspootjie skade "versilwering" op die vrugte veroorsaak. Indien nodig, wend 15 ml/hl Tracer (Spinosad) @ die eerste teken van blaaspootjie aktiwiteit aan. Nie meer as vier bespuitings mag per seisoen in een blok aangewend word nie. Onthoudingsperiode = 7 dae op nektariens.

- ➢ **Oosterse Vrugtemot (OVM) – Perskes en Nektariens.** OVM is gewoonlik gerig op die jong lootpunte van bome, maar sodra hulle nie meer in oorvloed beskikbaar is nie, beweeg hulle ook na die vrugte wat laat ryp word in (vanaf Februarie). Chemiese beheer van OVM word nie maklik onder toestande van hoë druk bereik nie. Kontak asseblief die LNR Infruitec-Nietvoorbij vir 'n kopie van hulle "Mating Disruption Manual for Codling Moth and Oriental Fruit Moth". Die inligting in hierdie publikasie maak dit moontlik om meer akkuraat die korrekte tyd vir chemiese aanwendings te bepaal, gebaseer op die biofix en die graaddag model. Die eerste bespuiting moet 278 graaddae na die biofix van die eerste generasie aangewend word en 14 dae later herhaal word. Vanaf **Biofix** moet 20g/hl Delegate, 14 dae uitmekaar, met 'n 7-dae onthoudingsperiode aangewend word.

- ➢ **Paringsontwrigting (PO) vir OVM** is die doeltreffendste beheermaatreël. Isomate Rosso @ 500 ontwrigters/ha, wat 6 maande se paringsontwrigting verskaf, moet vanaf die middel van September opgehang word om die vereiste dekking aan kultivars wat later ryp word, te verskaf. Alternatiewelik kan Cidetrak OFM-L @ 450 ontwrigters/ha, wat 5 maande se paringsontwrigting verskaf, gehang word of Checkmate OFM @ 270 ontwrigters/ha, wat 80-85 dae van paringsontwrigting verskaf, geinstalleer word. Solank as wat die PO ordentlik werk, sal die standaard OVM strikke 'toegemaak' word deur die feromoonlading wat deur die ontwrigters vrygelaat word.

- **Vals Kodlingmot (VKM) – Alle Steenvrugte**. VKM is hoofsaaklik 'n probleem in steenvrugkultivars wat ná die middel van Desember ryp word. Paringsontwrigting is

die mees effektiefste beheermaatreël vir VKM. Met verwysing na die toepaslike wetgewing oor EU-marktoegang vir perskes en nektariens, insluitend die toenemende druk op pruime, moet kultivars uit hoëdruk gebiede wat vanaf einde Januarie geoes word verkieslik met 'n paringsontwrigtingproduk bedek word. Vanaf vroeg tot middel Oktober moet Isomate FCM @ 600 vrystellers/Ha, wat 5–6 maande feromoonversteuring verskaf, gehang word om die nodige bedekking op die latere kultivars te gee. As alternatief moet Checkmate FCM-F daagliks, vir 21-28 dae, aangewend word (gebaseer op hitte), deur die toediening van 110 ml/Ha as 'n lokaas in die boomtoppe, in 50 L water/Ha.

Broadband of Eco Bb (*Beauveria bassiana*) (ook geregistreer op appelkose), is ’n swam kontakinsekdoder wat op sy eie toegedien moet word. ’n Benatter soos Biodew of Villa 51 @ 6ml/hl moet by die spuitoplossing gevoeg word. ’n Reeks van 3 spuite moet toegedien word. So sal rooispinnekopmyt onderdruk word.

Die onderstaande tabel verskaf die huidige lys van produkte wat geregistreer is vir VKM beheer.

| Produk Rate/hl | Safety (Days) | Number of Sprays | Peaches | Nectarines | Plums | Apricots |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Altacor 10g OF Coragen 17.5ml | 14 | 2 | √ | √ | √ | |
| Akito 12.5ml | 14 | 2 | ✓ | ✓ | ✓ | |
| Cypermethrin 10ml | 14 | 2 | ✓ | ✓ | ✓ | |
| Exirel 50ml | 7 | 2 | √ | √ | √ | x |
| Ampligo 350ml/Ha | 28 | 3 | √ | √ | √ (14) | √ |
| Delegate 20g | 7 | 4 Insluitende *Tracer* | √ | √ | √ | √ |
| Emperor 50WG 50g | 21 | 2 | √ | √ | √ | √ |
| Broadband 50ml – Min van 1L/Ha OF Eco Bb 100g | 0 | Minimum van 3 | √ | √ | √ | √ |

- **Bruinroes, Sproetsiekte, Gomvlek – Alle Steenvrugte.** Spuit 150g/hl Dithane teen 75% kroonblaarval en herhaal elke 14 dae vir 2-3 besproeiings, indien nodig (nat toestande). Huidiglik is die EU en GB mancozeb mrl 2,0 ppm met ‘n onthoudingsperiode = 63 dae op perskes, 42 dae op appelkose en nektariens en 35 dae op pruime. Die voorgestelde mrl’e, wat nog nie geimplementeer is nie nie, is 0,9 vir pruime, 0,5 vir appelkose en 0,1 vir perskes en nektariens. Wees bewus van moontlike markbeperkings op die gebruik van Mancozeb. Alternatiewelik, kan 14-daaglikse (dus, een maal elke 14 dae) 300g/hl benatbare swael gealterneer met 14-daaglikse (dus, een maal elke 14 dae) 200g/hl Captab toegedien word. ‘n 35 dae onthoudingsperiode is van toepassing op Captab en 'n 35 dae onthoudingsperiode word voorgestel vir swael om sigbare spuitresidue te vermy, aangesien daar geen veiligheidsvenster vir swael van toepassing is nie. Alternatiewelik kan 65ml/hl Detect 400 SC, met ‘n 42 dae onthoudingsperiode vir alle steenvrugte, toegedien word in plaas van Mancozeb. Detect het ‘n blaarkrul registrasie, maar beheer ook bruinroes, sproetsiekte en gomvlek op steenvrugte.
- **Vrugkalander (Snuitkewer) - Nektariens en Appelkose:** Vir chemiese beheer kan Exirel @ 35ml/hl aangewend word, met ’n onthoudingsperiode van 7 dae en ’n maksimum van 2 toedienings per seisoen.

# NUUT-AANGEPLANTE STEENVRUGBOME

## BESPROEIING

Een van die grootste foute wat met die aanplant van jong bome gemaak word, hou verband met besproeiing. Ons besproei gewoonlik te veel aan die begin van die seisoen en besproei dan te min in die middel van die somer. Onthou dat die wortels van jong steenvrugbome baie vlak is en die meeste van die haarwortels is in die boonste 20 cm van die grond, dus is dit belangrik dat die boonste 20 cm van die grond nie uitdroog nie, maar net so belangrik dat dit nie versuip nie. Konstante water- data opnemers is belangrik vir die bepaling van die vogstatus van die boord, maar daar is niks wat fisiese boordinspeksies kanvervang nie en mens moet ook op ’n gereelde basis monsters neem. Trek ’n grondmonster by ’n diepte van 15-20 cm en druk dit in jou vuis saam. As die grond-‘wors’ uitmekaar uit val wanneer jy jou vuis oopmaak, is die grond te droog en benodig dit besproeiing. Indien vry water uit die monster gedruk kan word, is die grond beslis te nat. My ervaring is dat jong bome redelik gereeld ’n klein bietjie water moet kry, maar let op die gevaar van te veel sowel as te min besproeiing.

# BLAARVOEDING

Besproei met die sogenaamde **A Mengsel** drie weke ná bot en twee weke later met die **B Mengsel**, en wissel elke twee weke af tussen die A & B Mengsel, met 'n maksimum van vier bespuitings voor die einde van Desember. Die bome moet bespuit word tot hulle net begin drup en wat volg is 'n aanbevole spuitmengsel:

| PRODUKTE | HOEVEELHEID PER 100 LITERWATER | |
|---|---|---|
| | A | B |
| **Ureum Spuit (LB)** | 500g | 250g |
| **MAP** | | 250g |
| **Goemar** | | 200ml |
| **Mangaansulfaat** | | 100g |
| **Sinkoksied** | | 30g |
| **Koper oksichloried** | 50g | |
| **Solubor** | 100g | |
| **Biodew** | 6ml | 6ml |

**Magnesium** moet in Oktober gespuit word, met 'n herhaling in November.
Spuit met 800g Magnisol per 100 liter water of met 'n soortgelyke produk wat deur 'n verteenwoordiger van spuite aanbeveel is.

# BEMESTING

Die volgende bemestingsprogram word aanbeveel:

| TYD | KALSIUM NITRAAT BEMESTING PER BOOM | LAN PER BOOM | 1.0.1 (36) PER BOOM | MAP PER BOOM |
|---|---|---|---|---|
| Bot | | | | 50g |
| Twee Weke Later | 30g | 30g | | |
| Twee Weke Later | | | 50g | |
| Twee Weke Later | 30g | 30g | | |
| Twee Weke Later | | | 50g | |
| Twee Weke Later | 30g | 30g | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Twee Weke Later | | | 50g | |
| Twee Weke Later | 30g | 30g | | |
| Twee Weke Later | | | 50g | |

Stikstofbemesting moet nie ná die einde van Desember toegedien word nie, want die boom moet begin verlangsaam en vir die winter afhard. Sodra die bome in volkome dormansie is, gewoonlik nie voor die begin van April nie, kan ’n naoes stikstoftoediening saam met ander bemestingstowwe gemaak word om reserwes vir die volgende jaar te help opbou. Hierdie toediening moet gebaseer word op analises van die grond en blare.

## BOOMOPLEIDING

Die opleistelsel wat vir jou steenvrugbome gekies is, sal bepaal hoeveel boomopleiding gedoen moet word. Dit is belangrik dat net die minimum gesnoei word, omdat snoei lei tot verdwerging (die verwydering van blare behels die verwydering van die boom se ‘fabriek’) en as daar te veel lootseleksie gedoen word, word die oorblywende lote te dik en ontwikkel hulle die verkeerde verhoudings tot die geslote kelk of sentrale leier. Die volgende generiese riglyne boomopleiding word verskaf:

- Maak die bome gereeld aan die ondersteunende prieël vas, want ’n boom wat ondersteun is, groei beter. Maak vas aan die ondersteunende drade met spaghetti plastiekpypies of Max Tapener bindlint, maar moenie ’n produk gebruik wat geen speling toelaat nie want andersins word die boom geringleer.
- Verwyder lote sodat daar net een loot per internode is.
- Maak die onderste 40-70cm van die stam van die bome skoon, afhangend van die opleistelsel.
- Maak seker dat die leier wat gekies is, dominant bly; mag dalk nodig wees om die groeipunte van kompeterende lote uit te knip.
- As die sytakke horisontaal vasgemaak moet word, maak hulle eers vas wanneer hulle lank genoeg is (60-80cm lank); as hulle te vroeg plat vasgemaak word, sal dit die groei van hierdie sytakke belemmer en sal hulle nie lank genoeg word om die dra-area wat aan die bome toegeken is, vol te maak nie.

## DEKLAAG

Dit word sterk aanbeveel dat die grond met ’n dik organiese deklaag bedek word (kompos, houtskaafsels, strooi of enige ander organiese materiaal). Let op die gevaar van te veel besproeiing waar daar ’n dik deklaag is.

## ONKRUIDBEHEER

Onkruidbeheer is van kritiese belang, maar die gebruik van glifosaat word nie op een- en tweejarige bome aanbeveel nie; praat met ’n verteenwoordiger van ’n bespuitingsmaatskappy oor die beste produkte om vir onkruidbeheer te gebruik. Een van die groot voordele van ’n dik deklaag is dat dit onkruidontwikkeling onderdruk.

## NEMATODES

Dit word aanbeveel om twee tot drie maande ná plant vir nematodes toets en, indien nodig, vir nematodes behandel.

## VRUGTEVERWYDERING

Jong steenvrugbome kan vrugte set, en dit is baie belangrik dat hierdie vrugte so gou moontlik verwyder word want hulle gebruik energie wat eerder in groei belê moet word.

**TYDIGE WENKE BYDRAERS:**



| **Grond, Besproeiing, en Voeding** | **Uitdunning en Nuut Aangeplante** | **Gewasbeskerming** |
|---|---|---|
| Mico Stander<br>Grondkundige<br>Agrimotion<br>021 851 1051 | Peter Dall<br>Tegniese Konsultant<br>PeterDall Consultancy<br>028 272 9671 | Andrew Hacking<br>Tegniese Konsultant<br>Ad Lucem Agricultural Services<br>021 8555 674 |



**HORTGRO Science en die span Tydige Wenke bydraers het alles in hul vermoë gedoen om inligting so akkuraat moontlik oor te dra. Derhalwe word geen aanspreeklikheid aanvaar vir die gebruik van hierdie inligting nie.**


**DISCLAIMER**

This document is issued by HORTGRO (Pty) Ltd (Reg no. 2005/010343/07). Whilst all care has been taken in the provision of the information in this document, this information is provided without liability to us, our affiliates or any officers or employees of ours. The information expressed in this document is done in good faith and

is not intended to constitute any form of advice, including but not limited to horticultural practices, such as the administration, management, production and export of products. Some of the information may have been provided or sourced from third parties and we do not in any way guarantee its accuracy or correctness. At all times we will endeavor to ensure that information obtained from any third party is accurate and reliable. HORTGRO and its affiliates disclaims and assumes no liability for any loss or damage (direct, indirect or consequential) that may be suffered from using or relying on the information contained herein. Investment in agriculture and research may cause exposure to certain risks, including market risk, and financial losses, therefore it may not be suitable for all clients. Please contact a technical advisor for a personal analysis prior to making any orchard practice decisions. HORTGRO and its affiliates disclaims and assumes no liability for any loss or damage (direct, indirect or consequential) that may be suffered from using or relying on the information contained herein without seeking professional advice.

HORTGRO Stone

Growing Fruit IQ

*home of the south african stone fruit producer*